# A S Geyser, teologiese dosent 1946-1961

A G van Aarde
Universiteit van Pretoria

Abstract
A S Geyser, lecturer in theology 1946-1961

In this article the academic role of Professor A S Geyser is briefly discussed. He lectured in New Testament Studies and Practical Theology at the University of Pretoria from 1946. He resigned in 1961, after a period of strife. His publications show a consistence in exegetical approach and theological description. His historical-critical investigation was aimed beyond the New Testament into the pretexts which evidenced the commencement of the universal apostolate at Antioch. Inferred from his exegetical results he propounded the unity of the church as an imperative for today. However, against the background of the South African political history from 1948 to 1961, the political and ecumenical implications of Geyser's theological convictions were not acceptable to the Nederduitsch Hervormde Kerk.

## 1. INLEIDING

Albert Geyser – 'n uitmuntende en charismatiese geleerde met 'n omstrede persoonlikheid, 'n internasionaal erkende Nuwe-Testamentikus, bekend in die geselskap van geleerdes soos Cullmann, Clavier, Black, Barrett, Aland, Vielhauer, Van Unnik en Van Stempvoort – was agt en twintig jaar oud toe by in 1946 as opvolger van professor J H J A Greyvenstein aan die Universiteit van Pretoria as lektor aangestel is (kyk o a *Die Hervormer* 1944b, 1953; Engelbrecht 1988:4; Hartin 1988:32; Botha 1992:34). Die redakteur van *Die Hervormer*, ds Joh Dreyer (1946:5), verwys in dié tyd na hom as 'n predikant met 'wye praktiese ervaring' (vgl ook *Die*

*Hervormer* 1938, 1940a, 1940b, 1940c, 1941a, 1941b, 1941c, 1941d, 1941e, 1942a, 1942b, 1942c, 1943a, 1943b, 1943c, 1943d, 1943e, 1943f, 1943g, 1944a, 1944c, 1944d, 1944e, 1944f, 1946a). Die skriba van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg skryf in *Die Hervormer* (1946b:15) na aanleiding van die pas aangestelde professor se optrede in dié gemeente: 'Ongetwyfel[d] kan die Kerk nog veel verwag van die jonge Professor.'

Sy positiewe betrokkenheid by kerklike aktiwiteite is duidelik uit kerklike beriggewing af te lei (kyk Geyser 1944, 1948a, 1954c; *Die Hervormer* 1946b, 1947, 1948, 1949, 1950a, 1950b, 1951, 1954). In 1954 skryf die skriba van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Lydenburg na aanleiding van Albert Geyser se optredes tydens gemeentelike feesvierings: 'Lank sal ons sy boodskappe onthou en ons sal ons daarvoor beywer om mekaar lief te hê, soos hy ons versoek het in een van sy preke' (*Die Hervormer* 1954:24). Hierdie berig is egter van die laastes wat in *Die Hervormer* verskyn oor 'n besoek wat Geyser aan 'n Hervormde gemeente gebring het. Dit val op dat sedert sy besoek aan die buiteland in 1951-1952 tydens universitêre studieverlof, *Die Hervormer* nie meer berigte bevat oor geleentheidsredes wat hy op gemeentelike uitnodigings gelewer het nie. Dit lyk inderdaad of daar nie meer sulke geleenthede opgeduik het nie. Albert Geyser het die tragiese slagoffer geword van deels sy eie persoonlikheid en deels van sy teologiese insigte.

Die herdenking van die vyf en sewentigjarige verjaarsdag van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria in die politieke oorgangsjaar, 1992, is nog nie die geskikte tyd om volledig in te gaan op die meriete van Geyser se teologiese insigte en die resepsie daarvan deur die Hervormde Kerk in die ander belangrike periode van die Suid-Afrkaanse politieke geskiedenis nie, te wete die tyd tussen 1948 en 1961. Die bydrae van hierdie artikel met betrekking tot die rol van Geyser is dus in 'n sekere sin beperk tot die opname van 'n publikasielys oor en van hierdie wydbelese en vindingryke geleerde. Daar word betoog dat Geyser se bydrae tot die verstaan van die Nuwe Testament geleë is in veral sy ondersoek na die universele gerigtheid van die vroeg-Christelike kerk wat met stryd sy partikulier-Joodse begrensing begin ontgroei het. Hiervan getuig veral Geyser se studies van die Antiogeense teologie soos dit in die Lukas-Handelingekorpus na vore kom (kyk Geyser 1953e, 1961/1962b).

## 2. AKADEMIESE REKORD EN PREDIKANTSLOOPBAAN

A S Geyser is op 10 Februarie 1918 gebore. Sy laerskooldae bring hy op Ermelo deur en matrikuleer te Pretoria. Hy is getroud met 'n nooi Van der Westhuizen (Dreyer 1951). Al sy universitêre kwalifikasies behaal hy aan die Universiteit van

Pretoria. In 1938 behaal hy die BA-graad *cum laude* (Engelbrecht 1988:4) met as hoofvakke Grieks en Latyn. Aan die einde van 1940 voltooi hy sy BD-studie, ook met onderskeiding (Dreyer 1951). In 1941 is hy bevestig as predikant in Heilbron. In 1943 behaal hy die MA-graad in Klassieke Tale.

Hy neem in 1944 die beroep na die Nederduitsch Hervormde Gemeente Noord-Westelike Pretoria aan en bedien die gemeente met groot vrug (kyk *Die Hervormer* 1946a) tot en met sy aanstelling aan die Universiteit van Pretoria. Volgens Pont (1990) was Geyser 'n 'beskermling van prof S P Engelbrecht en die keuse van die destydse Sappe in die kerk'. In Augustus 1945 lê hy die doktorale eksamen 'met goeie gevolg' af (*Die Hervormer* 1945). Op 15 Maart 1946 besluit die Fakulteitsraad Teologie om op aanbeveling van die eksterne eksaminator van sy proefskrif, prof dr J de Zwaan van die Rijksuniversiteit van Leiden, om die DD-graad *cum laude* aan Geyser op grond van sy proefskrif, getitel *Die geslagsregister van Jesus Christus volgens Mattheus 1:1-17 en Lukas 3:23-38*, toe te ken (Dreyer 1946:5; Gemser 1946:68; Pont 1990 maak egter die volgende opmerking: 'Oor dié proefskrif was daar heelwat bedenkings daar prof H P Wolmarans en 'n eksterne eksaminator, prof E P Groenewald, 'n onvoldoende punt daaraan toegeken het.') 'n Opsomming van die proefskrif is in dieselfde jaar gepubliseer (Geyser 1946a). Dit is myns insiens die produk van selfstandige wetenskaplikheid en getuig van 'n bogemiddelde bedrewenheid in die oorspronklike bronne, 'n histories-kritiese eksegetiese aanleg en 'n diepgaande kennis en bantering van die tersake vakliteratuur. Soos dit blyk in die latere epogmakende werk van R E Brown (1977), *The birth of the Messiah: A commentary on the infancy narratives in Matthew and Luke* (592 bladsye), kon Geyser egter heelwat meer uitgebreid die proefskrif ingerig het as hy sy navorsing nie in so 'n kort tyd afgehandel het nie.

Na sy promovering word Geyser tot professor bevorder en beklee hy die hoofskap van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A) tot en met sy bedanking in 1961 as gevolg van 'n ongelukkige dispuut (kyk o a Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA 1962a, 1962b; Dreyer 1961a:5; 1961b:7; *Die Hervormer* 1962:24; Pont 1985:540-544).

In 1962 is hy aangestel as die eerste professor en hoof van die Department of Divinity (later sou dit bekend staan as Department of Religious Studies) aan die Universiteit van die Witwatersrand. Prof Ben Engelbrecht wat hom as departementshoof aan die Universiteit van die Witwatersrand ná sy emeritering in 1983 opgevolg het, skryf ná Geyser se dood op 13 Junie 1985 in 'n huldigingswoord in die *Journal of Theology for Southern Africa* (Vol 64/3) dat Albert Geyser sy posisie aan die Universiteit van die Witwatersrand deurgaans met eer en onderskeiding beklee het.

## 3. PRAKTIESE TEOLOGIE

Net soos in die geval van sy voorganger, prof J H J A Greyvenstein, was Geyser in die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria ook vir Praktiese Teologie verantwoordelik. Voortspruitend uit hierdie opdrag skryf hy in 1953 in *Die Hervormer* 'n insiggewende artikel oor die beoefening van Praktiese Teologie in die Nederlandse Hervormde Kerk en wys daarop dat teologiese studente onderrig is in 'kerklike strategie', kerksang, jeugwerk, Oecumenica, sektewese en sosiologie, naas die vakke pastorale psigologie, kategetiek en sielsorg (Geyser 1953b:12). In die enigste artikel wat hy oor 'n prakties-teologiese onderwerp geskryf het, te wete 'Voorwaardes vir die prediking' (Geyser 1954b), beredeneer hy die rol van die predikant vanuit die perspektief van die *apostolos*-motief. Hy wys onder andere op die predikant se rol as 'universele gesant' en dat die 'aanvaarding van die belydenisskrifte' 'n 'wesenthke voorwaarde vir die prediking' is. Wat die liturgie betref, maak hy in *Die Hervormer* (Geyser 1954a:24) die opmerking dat ook die Protestantse erediens as 'nie sonder mistiek' beskou moet word nie.

Die wyse waarop en die mate waarin soortgelyke sake soos hierdie en soos dié in Nederland waarop hy die aandag gevestig het, neerslag gevind het in sy lesings in die Praktiese Teologie is nie helder nie en vra noukeuriger ondersoek. Dit is wel interessant om daarop te let dat van sy laaste lesings wat hy in hierdie verband gegee het, die tema 'huwelik en egskeiding' as aspekte van 'sielsorg' het. Die studente aan die begin van die sestigerjare het ook klaspreke oor die temas 'eenheid van die kerk' en 'sabbatsheiliging' na aanleiding van onderskeidelik Efesiërs 4:4 en Eksodus 20:8 uitgewerk.

## 4. EKSEGESE MET POLITIEKE KONNOTASIES

### 4.1 Die vroeg-Christelike apostolaat

Reeds in 1945 skryf Geyser 'n belangwekkende artikel oor Tacitus se vermelding van Nero se beskuldiging dat die Christene vir die brand in Rome op 18 Julie 64 verantwoordelik was. Geyser (1945:5) gee hierdie bydrae die titel, 'Die vroegste heidenberig oor Christus en die Christene'. Sy omvangryke kennis van die oud-Christelike letterkunde (insluitende Joodse, Apokriewe, Gnostiese, Grieks-Romeinse en Patristiese literatuur) hang saam met sy primêre belangstelling in die Nuwe-Testamentiese wetenskap (kyk bv Geyser 1953d waar hy die bron van die Lukaanse *Sondergut* oor die 'Emmausgangers' probeer naspeur en onder andere gebruik maak van verwysings by Origines en Eusebius).

In sy afwysing van die Petriniese outeurskap van die 1 Petrus-brief toon hy aan die een kant die afstand van die inhoud van die brief ten opsigte van Petrus se 'eie

ervaringe van die kant van die Jakobusmense te Antiochië soos Paulus dit meedeel in Gal. 2' (Geyser 1959:94) en roep hy aan die ander kant onder andere Klemens Romanus, die skrywer van die 'Testament van die Twaalf Patriarge', Filo, Josefus en Plinius as getuies in. Geyser (1971) se bydrae in die bundel wat aan prof Adrianus van Selms opgedra is, handel eweneens oor die Antiogeense gemeente. Hy betoog hierin dat Lukas in die 'gentile Antioch' die term *Christianoi* (Hand 11:26) vir die heiden-Christene gebruik het teenoor die term *Ebionim* wat vir die Joodse Christene gegeld het. 'n Soortgelyke tendens is in sy interpretasie van die Jakobus-brief aanwesig. Volgens Geyser (1975:28) bevat die brief nie net ooreenkomste met Matteus-*Sondergut* en Q-materiaal nie, maar selfs sosiale spanninge wat op grond van die brief blyk dui daarop dat die brief 'some time before 60' geskryf is. Hy meen dat die ontvangers van die brief Griekssprekende Joodse gelowiges was wat in Fenisië, Siprus en Antiogië gewoon het. Op grond van parallelle uitdrukkings in 4 Esra en die Qumran-literatuur, kom Geyser (1978:1) in sy studie van die frase 'tot aan die einde van die aarde' in Handelinge 1:8 en wat aan prof W C van Unnik opgedra is, insgelyks tot 'n gevolgtrekking wat konsistent die klemtoon in sy vorige werk bevestig.

Die resultate van sy navorsing gedurende die periode aan die Universiteit van Pretoria word duidelik ook in bogenoemde bydrae weerspieël. Hy gaan van die aanname uit dat die realisering van die koninkryk van God vir die Qumran-gemeenskap neergekom het op die herstel van die stamme van Israel. In die lig hiervan meen Geyser (1978:13) dat die uitdrukking 'die verlore skape van Israel' in die 'Antiogeense' Matteus-evangelie met die uitdrukking 'die verlore stamme van Israel' geïdentifiseer kan word. Sy laaste gepubliseerde werk getuig van voortgesette navorsing op hierdie terrein. Hierdie keer hou Geyser (1986) hom met 'n ander 'Antiogeense' dokument besig en wel met die Johannes-evangelie. In die besonder ondersoek hy die uitdrukking *Ioudaioi* wat daarin voortkom. Volgens hom behoort die term nie bloot as 'Jode' weergegee te word nie. Dit het op 'Judeërs' in 'n geografiese sin van die woord betrekking. Die Johannes-evangelie moet dus nie as 'n anti-Joodse tendensgeskrif gelees word nie, maar as 'n anti-Judese. Dié Evangelie het ook as bedoeling om die geadresseerdes te laat uitreik na die 'verlore stamme van Israel'. Dié 'verlorenes' word aangetref in die persone van die Joodse randfigure soos die Samaritane, die Galileërs en die diaspora-Jode wat deur die '"pure" Judean Jews' verwerp of hoogstens verdra is (Geyser 1986:13-20). Hierdie argument is nie net insiggewend nie. Dit het veral meriete as dit met die agtergrondomstandighede van die breuk tussen die sinagoge en die kerk in verband gebring word (kyk Van Aarde 1991c:22-23).

Sover ingesien kan word, het Geyser nie werklik van wesenlike standpunt met betrekking tot teologiese insigte gedurende sy totale loopbaan tot en met sy dood verander nie. Reeds in 1946 bring hy die twee baie moeilike interpreteerbare Pauliniese frases in onderskeidelik Romeine 1:3-4 en Filippense 2:6-10 met mekaar in verband. Teen die gangbare kerklike tradisie, soos dit in onder andere reeds in die Afrikaanse Bybelvertaling van 1933 na vore gekom het, wys Geyser (1946b:190) daarop dat die uitdrukking 'Gees van heiligheid' in Romeine 1:3-4 nie op die 'Derde Persoon van die Drie-eenheid' betrekking het nie. Net soos in die vermeende betrekking van die Tweede Persoon van die Drie-eenheid op die uitdrukkings in Filippense 2:6-10 kan hierdie tipe taalgebruik geïnterpreteer word as tipiese Pauliniese antitetiese formules wat gebou is met die boustene van dialektiese antinomieë soos 'vlees-gees', 'geboorte-opstanding' en 'vernedering-verhoging'. Dit is juis vanweë hierdie soort eksegese en sy tipe opmerkings in die klaskamer oor die betekenis daarvan vir die kerklike belydenis wat heelwat studente ontstel en van hom laat vervreem het. Onder andere het dit die studente gelei om in 1961 'n klag van dwaalleer met betrekking tot byvoorbeeld die Christologie, pneumatologie en antropologie teen hulle professor aanhangig te maak. 'n Doktorale student, A J G Dreyer (wat op daardie stadium eers in Noord-Amerika gestudeer en later in Utrecht aan sy proefskrif gewerk het onder leiding van die Nederlandse professor W C van Unnik wat vir 'n tydlank in Princeton gasdosent was), het in 'n brief aan Geyser hom soos volg hieroor uitgespreek toe hy van die klag verneem het:

> Van prof. van Unnik het ek verneem dat die klag oor die kettery gaan oor die Christologie. Ek kan dit beswaarlik glo, tensy daar natuurlik by u huidige studente nie die vermoë bestaan om 'n gewone kritiese opmerking as sulks te verstaan nie. Ook in my dae nog het u tog dikwels bv. met die bespreking van Openbaring kritiese opmerkinge gemaak in die gees van: Dit sou miskien moontlik wees dat ons hier 'n spoor kan vind van 'n moontlike ondergeskiktheid van die Seun aan die Vader. Ek herinner my wel goed dat indien u so 'n soort opmerking gemaak het, u dit altyd só bewoord het dat niemand daarteen kon beswaar maak nie...Maar dit is tog ook die taak om die studente 'n krities-wetenskaplike inslag te gee. Juis daarom, altans so het ek die situasie verstaan, het ons Kerk daarop gestaan om 'n teologiese fakulteit te hê aan die Universiteit en nie 'n Seminarie apart te stig nie. Ek sit in ieder geval so ver van die werklike situasie uis verwyder, dat ek dit seker nie ten volle kan volg nie. Ek weet natuurlik ook gladnie

> hoe die kerklike situasie in die afgelope tyd verander het nie, miskien is ek nie op hoogte van die nuwe denkvorme van ons Kerk nie.
>
> (Brief voorgelees deur A S Geyser volgens die transkripsie van die bandopnames van die verhoor van die klag, band 1, bl 7 – Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA 1962b)

Dit was vir Albert Geyser nie 'n probleem om sy liefde vir sy vaderland en sy Afrikanerskap uit te leef èn tegelykertyd sy teologiese insig in die universele gerigtheid van die evangelie in publikasies uit te werk nie. Hy het nie 'n spanning beleef tussen die beoefening van ekumeniese teologie en liefde vir eie kultuurwaardes nie. In 'n huldeblyk in 1953 aan wyle prof H G Viljoen wat prof H Reynink (spelling volgens Geyser) in die leerstoel vir 'Griekse Letterkunde' sedert Augustus 1931 opgevolg het, maak Geyser byvoorbeeld met waardering melding van Viljoen se bydrae tot die Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria en van sy 'warme liefde vir die volks-eie' (Geyser 1953f:33-34). Sy probleem met die volkskerkidee het klaarblyklik ontstaan as gevolg van die soort inhoud wat sommige van sy kollegas daaraan gegee het. Hy het daarin 'n ooreenkoms met die Duitse nasionaal-sosialisme gesien en as 'n wyse hoe 'n kerkbegrip as ondersteunende ideologie aangewend kan word (kyk o a Geyser 1960/1961b). Hy bespreek hierdie probleem in 'n bydrae wat hy aan professor B Gemser opdra by geleentheid van sy (tweede) aanvaarding van emeritaat te Groningen. Hy sien dit so dat hierdie ideologie veral te doen het met die verskynsel dat die gerigtheid van die kerk ingeperk word tot 'n nasionale politieke begrensing. Ander van die kollegas aan die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria, soos professor A van Selms (en ook emeritus-prof B Gemser), het net soos A S Geyser op grond van hierdie inhoudgewing, soo hulle dit gesien het, vervreemd geraak van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Geyser se lot was tragieser vanweë sy besondere persoonlikheid en ook vanweë sy nuwe vriendskapsassosiasies met promi-nente persone in die Suid-Afrikaanse en internasionale ekumeniese wêreld.

### 4.2 Die dispuut

Hoewel die dispuut tussen Geyser en die Nederduitsch Hervormde Kerk formeel oor teologiese kwessies gehandel het, word daar oor die algemeen in akademiese kringe gemeen dat die breuk hoofsaaklik veroorsaak is deur politieke verskille en Geyser se oordeel dat die apartheidsbeleid van die Suid-Afrikaanse regering nie deur teoloë skriftuurlik regverdig kan word nie (kyk veral Hartin 1988:20-33 n a v Du Preez 1959 en Geyser 1960/1961a se reaksie daarop). Ook die styl (en gepaardgaande 'bytende sarkasme' – vgl Hartin 1988:27, 32) waarmee Geyser sy gespreks-

genote 'verkleineer' het, het daartoe gelei dat hy by baie persone en kollegas in die Hervormde Kerk en in die kring van polities-konserwatiewe Afrikaners 'n *persona non grata* geword het (kyk o a Naudé 1960:18; Heyneke 1963:24). Die studie van aspekte met betrekking tot Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk deur die Pretoriase Predikante-Broederkring (kyk De Wet & Pont 1964) wat in 1962 plaasgevind het, kan gesien word as 'n antwoord van Geyser se kollegas in die Hervormde Kerk op sy besware teen die kerkbegrip en sendingbeleid van die Hervormde Kerk.

Dit is 'n vraag of Geyser wel aanvanklik 'n lojale ondersteuner was van die Hervormde Kerk se standpunt oor afgegrensde kerklidmaatskap en 'n sendingbeleid wat gerig is op die stigting van aparte volkskerke vir die verskillende inheemse volkere van Suider-Afrika. Ben Engelbrecht (1988:4; vgl ook Geyser 1952) van die Universiteit van die Witwatersrand meen wel so. Hoe dit ook al sy, uitsprake in publikasies sedert sy aanstelling in 1946 dui daarop dat Geyser nooit twyfel gehad het oor die universele implikasies van die evangelie nie. In 'n wetenskaplike artikel wat in die vierde aflewering van die 1947/1948-uitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* verskyn het, gaan hy nie net in op die Joods-partikularistiese sinagoge teenoor die universeelgerigte Christelike huissamekomste nie, maar ook op die liturgiese rol wat die *Shema*-belydenis in hierdie verband vervul het (Geyser 1947/1948a:86-95; hierdie insigte word vandag deur die skrywer van hierdie artikel, sonder dat ons van Geyser se bydrae in hierdie verband bewus was, as van besondere betekenis geag – kyk o a Van Aarde 1990, 1991a). Oor sy erns met betrekking tot die sendingtaak van die kerk, reeds vóór hy in die buiteland aan die invloed van die ekumeniese teologie blootgestel was, kan daar nie twyfel wees nie. In 1951 lewer hy byvoorbeeld 'n pleidooi vir gebruikmaking van die filmwese in die 'evangelisasie onder die heidene en onder die ontkerstendes in die oerwoud van Afrika' (Geyser 1951a, 1951b). In hierdie selfde bydrae skryf hy in *Die Hervormer*:

> In die na-oorlogse tyd word die Kerk hom van nuuts af bewus van sy eenheid. Hierdie bewussyn druk hom uit in die Oekumeniese Beweging. Die meelewe met die Kerk elders, vereis 'n kennis van die Kerk elders...Die reformatoriese Kerk is hier en elders besig om te groei tot 'n besef van sy apostolaat, d.w.s. sy opdrag van die Here om die Evangelie aan alle mense te verkondig.
>
> (Geyser 1951b:9)

Die afleiding kan waarskynlik gemaak word dat, net soos met sy teologie, Geyser se aansluiting by die ekumeniese ideaal aanvanklik gepaard gegaan het met 'n solidariteit met die Afikaner se kulturele strewe. Dit kan onder andere gesien word in 'n lesing wat in 1949 voor die Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde

Kerk gehou is. Hierin bepleit hy die wenslikheid van 'n hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling op grond van 'n onafhanklikheid van die *Textus Receptus*. Afgesien van sy beheersing van die Griekse grammatika en sy insig in die semitiserende kenmerke van Nuwe-Testamentiese Grieks, asook sy kennis van die eerste-eeuse kulturele situasie wat in hierdie voordrag vorendag kom (vgl ook Geyser 1951c n a v Pistorius 1950 se kritiek op Geyser se ignorering van die *Aktionsart* in die vertaling van Grieks in Afrikaans; vgl ook Pistorius 1951:9-17), toon die volgende opmerkings 'n bepaalde deernis met die Afrikaner:

> Die eerbied vir die Boek in die vorm waarin dit bekend en geliefd geword het, is kenmerkend aan alle Christenvolke, ons volk nie uitgesonder nie...Maar juis die Bybelverbondenheid van ons volk maak dit tot plig om toe te sien dat sy vertaling die allerbeste interpretasie is van die grondteks wat maar moontlik gemaak word deur die resultate van die nuwere (tekskritiese – A G v A) ondersoek.
>
> (Geyser 1949/1950:34)

Tog blyk dit asof Geyser wel van standpunt verander het met betrekking tot die sogenaamde 'volkskerklike apostolaat'. In 1952, tydens 'n besoek as gasdosent aan die Universiteit van Utrecht, het hy nog die sendingbeleid van die Nederduitsch Hervormde Kerk voor die Nederlanders probeer verdedig (Engelbrecht 1988:4). Hoewel hy ná sy terugkeer in Suid-Afrika met entoesiasme melding maak van die stigting van die Wêreldraad van Kerke in 1948 in Amsterdam, verwys hy soos volg met instemming na 'n onderhoud met die ekumeniese teoloog en 'fel pro-boer', prof dr S F Berkelbach van der Sprenkel, waarin onder andere gesê is dat die 'doelstellinge van die Wêreldraad inderdaad moeilik uitvoerbaar is maar tog gebiedend'.

> Dit beoog egter nie om die Christendom tot een groot superkerk te organiseer nie. Oogmerk van die Ekumene is die verwesenliking van die Christelike belydenis van die broederskap van alle gelowiges, die logiese en onontbeerlike korrelaat van die belydenis deur algar van die vaderskap van God. In die Ekumene moet die broederskap verwesenlik word, maar so dat elke broeder sy eie karakter behou.
>
> (Geyser 1953a:5)

Die invloed van die ('radikaliste' in die) ekumeniese beweging het egter sodanig begin geld (kyk o a Geyser 1961/1962a) dat Geyser mettergaan nie net van standpunt met betrekking tot die kerk se eenheid te midde van verskeidenheid verander het nie, maar ook 'n fel kritikus van sy kerk se sendingbeleid geword (kyk o a Geyser 1961:5). Hieroor skryf Ben Engelbrecht van die Universiteit van die Witwatersrand soos volg:

> It must have been during his first visit to Europe in 1952 that he came under the influence of, what I should like to call, radical 'ecumenists'...For after this visit, back in South Africa, the erstwhile loyal supporter of his Church's position as regards missionary work and the indigenisation of the Church, became its fierce attacker and opponent. Yet – it should be said in all fairness to Geyser – that what he in fact felt should be denied emphatically, was not so much the missionary policy of the Hervormde Kerk, but the justification of a political policy of 'apartheid' by the Church on the grounds of the Scriptures. A most unfortunate confusion of the issues led to an alienation...I venture to say that, had Geyser restricted his polemical activities and writings during these years to a refuting of all biblical justifications of apartheid, he would have been tolerated by his Church. Proof of this that he was given an extensive hearing in the distinguished scholarly theological journal of his Church, *Hervormde Teologiese Studies*, in 1960 when he was afforded the opportunity of launching a most scathing (and brilliant) attack on a theological justification of apartheid as advocated in a book on 'Eiesoortige Ontwikkeling tot Volksdiens' by Professor A.B. du Preez, at the time Professor of Dogmatics in the Faculty of Theology (Section B) at the University of Pretoria. The fact, however, that he also launched bitter attacks on the Hervormde Kerk as such, on its understanding of the concept of catholicity and on its policy with regard to missionary work, made his position as a Professor in the Faculty of Theology of the Church an intolerable anomaly, both for the Church and for himself.
>
> (Engelbrecht 1988:4-5)

Op die drie en vyftigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat in Maart 1961 plaasgevind het, het professore Albert Geyser en Adrianus van Selms en ander Hervormde predikante hulle skerp teen Artikel III van die Kerkwet van die Hervormde Kerk uitgespreek (Van Wyk [1992]). In *Die Hervormer* van Maart 1961 sit Geyser sy standpunt uiteen en verwerp die 'etniese' idee van '"volkskerke vir die verskillende volksgroepe" soos art. III van ons Kerkwet beoog'. A D Pont (1990:11) meen dat Geyser se kerkbegrip daarop neergekom het dat hy soos in die Engelse kerklike wêreld die kerk sien 'as 'n politieke magsmiddel of hefboom in die hande van die owerheid of politieke magte'. Volgens Pont (1990:11) het Geyser verkeerdelik geoordeel dat daar nie 'n teologiese verskil tussen hom en die kerk bestaan nie en dat die dispuut slegs 'n kwessie van verskillende politieke uitgangspunte sou wees. In die gemelde berig in *Die Hervormer* van Maart 1961 re-

pudieer Geyser egter sy 'ou vriend en leermeester', S P Engelbrecht (1961), dat sy standpunt dat die Skrif 'n sigbare eenheid van die kerk beveel, sou neerkom op 'deurmekaarboerdery', 'bed-gemeenskap en ondertrouery', 'integrasie' en 'vyandskap van die republiek'. Die 'gemeenskap van die liggaam van Christus' veronderstel volgens hom die 'sigbare gemeenskap aan sy liggaam, d.i. tafelgemeenskap en Woordgemeenskap' (Geyser 1961:5). 'Ek het nog nooit 'n organisatoriese eenheid van die kerk gepredik nie; die bewys van die eenheid van die kerk lê ook nie in die uitwendige organisasie nie, maar in die onbelemmerde en vrye gemeenskap van die lidmate van die kerk nieteenstaande hul onderskeid van ras en klas' (Geyser 1961: 9). Met betrekking tot die beskuldiging dat hy van standpunt verander het sedert die publikasie van sy artikel in die Nederlandse tydskrif *Kerk en Theologie* (1952) sê Geyser (1060/1961a:16) dat hy vroeër *geografiese segregasie* in die oog gehad het en dat 'dit niks te doen [het] met die onbybelse segregasie tussen gelowiges van Christus in sy kerk nie, dié segregasie wat art. III verordineer'.

Op 8 Mei 1962 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Albert Geyser van sy predikantskap onthef. Drie finalejaar BD-studente (H G van der Westhuizen, W C M de Beer en E Engelbrecht) aan die Universiteit van Pretoria het in September 1961 'n klag van dwaalleer teen hom ingedien (kyk o a Pont 1985:540). Die beweerde dwaalleer het op die Christologie, ekklesiologie, antropologie en pneumatologie betrekking gehad (Dreyer 1961a:5). Die studente het op grond van Geyser se diktaatlesings en 'opmerkings van hom by punte onder bespreking in die klasse...[ge]oordeel dat hy volhard in verset deur woord teen die Wet en/of Bepalings van die Wet en/of besluite van die kerk' (Dreyer 1961a:5). Die klag het voor die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding gedien. Die Kuratorium het bevind dat die klag in ooreenstemming met die Wet en die Bepalings is en omdat dit grond het, na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir verdere behandeling gestuur.

Die Kommissie het op 24 Oktober 1961 begin vergader. Nadat Geyser die betrokke studente ondervra het, het hulle 'n onderdeel van hulle klag, te wete dié met betrekking tot die antropologie, teruggetrek. Ander studente het as getuies verklaar dat hulle klasaantekeninge ooreenstem met dié in die klag vervat. Die klaers het ook dr S P van Rensburg as 'n 'deskundige getuie' ingeroep 'aan wie hulle sekere vrae oor eksegese en vertalings van bepaalde Skrifgedeeltes gestel het' (Dreyer 1961b:7). (Dr S P J J van Rensburg is in 1962 as opvolger van prof Geyser as professor in en hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria aangestel – kyk die bydrae van J J Engelbrecht in hierdie bundel.) Ná 'n sitting van agt dae het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sy vergadering op grond van die mediese ongesteldheid van Geyser

opgeskort en hom as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk gesuspendeer totdat uitspraak gelewer is (Dreyer 1961b:7).

Die transkripsie van die bandopnames van die kerklike verhoor bestaan uit nege bande en beslaan tweeduisend seshonderd twee en sewentig bladsye. Die ondersoek is op 4 April 1962 afgesluit en Geyser is skuldig bevind. Die kern van die klag het daarop neergekom dat hy in sy eksegese van hoofsaaklik Filippense 2:6-11 sy studente onderrig het dat Christus in status voor sy menswording sowel as daarna ondergeskik was aan God en dat die post-eksistente Christus 'n hoër status beklee as die pre-eksistente Christus. Sodoende het hy afgedoen aan die waaragtige, ewige Godheid van Christus en bestry hy die belydenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Athanasianum in Artikel 6 sowel as in Artikel 24. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is hoofsaaklik van advies bedien deur B J Engelbrecht wat op daardie stadium professor in en hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria was. Belangrike aspekte van hierdie advies is in twee gepubliseerde artikels in die *Hervormde Teologiese Studies* opgeneem (kyk Engelbrecht 1964, 1986). Die skuldigbevinding is egter na aanleiding van Geyser se beroep op die hooggeregshof en sy verklaring dat hy die belydenis van die Nederduitsch Her-vormde Kerk ten volle onderskryf, ter syde gestel.

In *Die Hervormer* van Junie 1962 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n Herderlike Brief aan alle ampsdraers en kerkrade van die Nederduitsch Hervormde Kerk na aanleiding van die Geyser-saak gepubliseer (*Die Hervormer* 1962c). In hierdie skrywe word belangrike uitgangspunte oor die teologiese opleiding en die vryheid van die eksegeet uiteengesit. Uitdruklik word verklaar dat die Nederduitsch Hervormde Kerk die geloofsbelydenis van die kerk nog altyd as ondergeskik aan die Heilige Skrif geag het. Die belydenisskrifte word wel aanvaar 'omdat dit in ooreenstemming is met Gods Woord en nie net in soverre dit in ooreenstemming met Gods Woord' is nie. Dit is egter die 'strewe van die Kommissie om te waak en toe te sien' dat die kerk voortdurend God se Woord naarstig sal ondersoek en die Belydenis daaraan sal toets sodat die kerk met 'n 'geruste gewete' die Belydenis sal aanvaar. Die eksegeet moet vry en onbevange sy ondersoek en verklaring doen. Hy moet die 'reg besit om vir sy doel gebruik te maak van alle hulpmiddels wat die teologiese wetenskap en aanverwante wetenskappe hom bied' om sodoende die kerk in die uitvoering van sy taak te help. 'By sy ondersoek mag die eksegeet nie leerstellig gebind word nie.' Wanneer hy 'eenmaal sy resultaat bereik het, rus die verantwoordelikheid op hom om te handel in ooreenstemming met die plegtige belofte wat hy by sy toelating as evangeliedienaar met sy handtekening onderneem het...Dit geld veral sulke gewigtige geloofsake soos byvoorbeeld die

Drie-eenheid, die verlossingsleer en die uitverkiesingsleer'. Hierdie voorskrif is egter nie bedoel om te geld as 'n 'dorre en strakke reël, waardeur die eksegeet so gebind is dat hy geen bevinding waartoe hy gekom het, mag meedeel sonder dat hy eers 'n gravamen ingedien het nie'. Tog word elke 'ampsdraer en Insonderheid elkeen wat hom besig hou met die eksegese van die Skrif ernstig vermaan om met groot versigtigheid en verantwoordelikheid te handel wanneer hulle hul bevindings bekend maak.'

In 1968 het Albert Geyser die Nederduitsch Hervormde Kerk verlaat sonder dat die onmin uit die weg geruim is (*Die Hervormer* 1968:25). Dit is in die jaar vantevore deur 'n onverkwiklike lastersaak in die hooggeregshof voorafgegaan. Vanaf 15 Februarie 1967 tot 21 April 1967 is 'n lastereis deur prof A S Geyser en dr C F Beyers Naudé teen prof A D Pont aangehoor en het dit ook geslaag (Van Wyk [1992]). Pont sou in die rubriek in *Die Hervormer*, die Kroniek, sy voormalige kollega aan die Fakulteit Teologie (Afd A) (asook vir Beyers Naudé), na aanleiding van hulle betrokkenheid by die internasionale konferensie van die Wêreldraad van Kerke in Junie 1964 in Mindolo, Zambië, as kommuniste, kommunistiese meelopers en voorstanders van revolusie en sabotasie in Suid-Afrika geïdentifiseer het (Van Wyk [1992]; kyk ook Steenkamp [1971] se bespreking van die referaat van die Sekretaris-Generaal van die WRK wat by dié geleentheid gelewer is).

Jare na Geyser se bedanking as lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk, net voor sy dood op 13 Junie 1985, het hy egter gesê dat sy uittrede uit die Hervormde Kerk die grootste fout van sy lewe was en dat die Hervormde Kerk lewenslank deel van hom gebly het (kyk Van Aarde 1985 na aanleiding van 'n berig in die *Sunday Star* 16 June 1985). Sy opvolger aan die Universiteit van die Witwatersrand, prof Ben Engelbrecht, het hierop reageer en aan die betrokke Sondagkoerant gesê dat hierdie uitspraak van Albert Geyser 'n belydenis is wat diep uit sy hart moes gekom het. Vir Ben Engelbrecht het dit as 'n verrassing gekom omdat hy gemeen het dat Geyser 'kompensasie in nuwe assosiasies' gevind het. Geyser het egter hierdie opmerking nie net in die openbare pers gemaak nie, maar ook teenoor verskeie persone soos dr W R Domeris, dosent in die Department of Religious Studies aan die Universiteit van die Witwatersrand en Dr L Nortjé, dosent in Bybelkunde aan die Rand Afrikaanse Universiteit. Hierdie persone het dit mondeling aan die skrywer van hierdie artikel bevestig. Indien Geyser nou sou gelewe het, sou hy volgens Hartin (1988:21), soos in die geval van die Nederduitsch Hervormde Kerk, ook standpunt ingeneem het teenoor die aard van die bevrydingsteologie se skriftuurlike begronding soos dit neerslag vind in byvoorbeeld die Kairos-dokument.

### 4.3 Die krisis van die kerk

Geyser se teologie getuig net soos dié van sy voorganger aan die Universiteit van Pretoria, professor J H J A Greyvenstein (kyk die bydrae van Van Aarde in hierdie bundel) van 'n kritiese en historiese benadering tot tekste. Sy insig in die teologiegeskiedenis was skerp. So byvoorbeeld het hy probleme daarmee dat S C W Duvenhage (1954) in sy proefskrif Kohlbrugge en Barth 'in een kraal jaag' (Geyser 1956: 15). Hier toon hy besliste affiniteit met Karl Barth as dialektiese teoloog. In 'n resensie oor 'n publikasie wat handel oor die tydsprobleem in die Nuwe Testament, blyk dit ook dat Geyser die dialektiese teologie instemmend waardeer (Geyser 1955a:21). Wanneer hy in 'n jaar wat vir die nasionaalgesinde Afrikaner 'n triomfjaar was, in *Die Hervormer* van 20 Augustus 1948 oor die krisis van die kerk handel, redeneer hy tipies Barthiaans: 'In die uiterlike bedreiging, in vervolging en gewelddadige onderdrukking skuil daar nie eintlik gevaar nie; dit beroof die Kerk nie van sy vryheid nie' (Geyser 1948c:6; vgl ook 1948b). Net soos sy voorganger, J H J A Greyvenstein (1928:1), beklemtoon hy die woorde van Jesus dat die koninkryk van God nie wêrelds van aard is nie:

> As die Kerk opgehou het om Christus te bely dan...beteken dit eenvoudig dat die hart van die Kerk daaruit is en in die leemte wat só ontstaan het, kom 'n ander inhoud, 'n magspolitieke, 'n nasionaal-politieke, of dit word 'n instituut van maatskaplike welsynspleging of wat dan ook. Hoe nuttig so 'n 'Kerk' dan ook in die volksbelang, die politieke belang of selfs op die internasionale gebied mag wees, dit vaar onder 'n valse vlag...Die Kerk egter, is gebaseer op die beginsel van die liefde; daaraan ontspruit sy totale verskil van die staats-organisasie en die wêreldlike funksie. Politieke, ekonomiese, maatskaplike outoriteit en organisasie is nie lewensvoorwaarde en nie lewensfunksie van die Kerk nie...inteendeel, dit is sy versoeking en dit is die oorsaak van sy verwêreldliking as hy dit begin nastreef...Die Kerk word in sy materiële voorspoed arm en onder die toename van sy invloed in wêreldlike kringe is hy besig om die gesag in geestelike aangeleenthede te verloor. Dit besef die Kerk ook; vandaar sy wanhopige pogings om met verbeterde organisasie, met intensiewer maatskaplike welsynspleging, ingrypender politieke en ekonomiese belange, kommissies, rade en afvaardigings na ministers en volksraadsittinge sy verglydende houvas oor ons christelike volk te behou; die volkssentiment word aangespreek en om hom te populariseer word die Kerk dan soms genoem, 'die Boere-kerk'. Dit is wanhoopspogings en ons besef dit...'n Boere-kerk met sy party-politieke deelname, sy ekonomiese in-

> vioede, sy maatskaplike voortreflikheid, mag nasionale Kerk wees, maar hy het opgehou om Christus-kerk te wees...'n Kerk wat die christelike barmhartigheid vervang met 'n impersoonlike (sic!) maatskaplike welsynswerk, het uitgetree uit die diens van Christus om te word die onbetaalde amptenaar van die staat.
>
> (Geyser 1948c:5-7)

Geyser het, soos sy ander kollegas aan die Fakulteit Teologie (Afd A) Universiteit van Pretoria, nie die neo-Calvinisme enigsins geag nie. So is hy byvoorbeeld afwysend teenoor die neo-Calvinistiese tendens in die proefskrif van S C W Duvenhage wat aan die Potchefstroomse Universiteit gepromoveer het na aanleiding van die tema 'Die navolging van Christus' (kyk ook Dreyer 1952 n a v Geyser se vertaling van die werk van A'Kempis met dieselfde titel). Hierdie standpunt van Geyser kom met sy bepaalde Skrifbeskouing ooreen. Ook dit is 'n verdere aanduiding van sy kritiese en historiese benadering tot die teologie. Reeds in 1955 bestempel hy die standpunt dat vrouens nie tot die amp toegelaat mag word nie as 'opperste onskriftuurlikheid' (Geyser 1955b:14). In 1946 skryf hy 'n teologiese artikel oor die beeld van God waarin sy indrukwekkende eksegetiese kompetensie en Bybels-teologies teoretiserende vermoë duidelik blyk. In hierdie werk is sy beheer van nie net die Nuwe-Testamentiese tekste nie, maar ook van ander tersake Joodse en Grieks-Romeinse literatuur opvallend. Hy betoog op 'n oortuigende wyse dat die metafore 'beeld van God' en 'kind van God' in terme van mekaar verstaan behoort te word (Geyser 1946c:208-209). Myns insiens behoort Geyser hierdie oortuiging in verband met sy verstaan van die Christus-lied in Filippense 2:6-11 te gebring het.

### 4.4 Die Nuwe-Testamentiese wetenskap

Wat die Nuwe-Testamentiese wetenskap self betref, was die werk van A M Hunter (1951), *Interpreting the New Testament 1900-1950*, die mees invloedryke voorgeskrewe handboek gedurende die vyftigerjare. In hierdie boek word die kritiese en historiese temas met betrekking tot die Grieks van die Nuwe Testament, die teksgeskiedenis en tekskritiek van die Nuwe Testament, die terugvertaling na moontlike Aramese oorspronge van Jesus-logia, die Sinoptiese probleem, die Jesus-beeld van die liberale teoloë, die Tübingen-skool se invloed op Paulus-navorsing, die historiese kritiek se uitwerking op Johannese studies en die invloed van Rudolf Bultmann, die gnostiese elemente in die Algemene Briewe en die teologie van die Nuwe Testament met veral Oscar Cullmann se *heilsgeschichtliche* benadering daartoe, onder die loep geneem. Die invloed van Hunter se ortodokse maar dikwels waarderende evaluasie van die moderne Bybelwetenskap het blykbaar meer invloed op die Hervorm-

de studente uitgeoefen as Geyser se kritiese insigte in sy eie lesings, ten spyte van die dinamiese en charismatiese aanbieding daarvan (J J Engelbrecht mondelinge mededeling). Geyser se opvolger, S P J J van Rensburg, het veral 'n benadering soos dié van Hunter voortgesit.

Geyser het 'n indrukwekkende kennis van die 'Oud-Christelike letterkunde' gehad en het ook in sy lesings sterk klem daarop gelê. In *Die Hervormer* van Desember 1953 (wat in Desember 1958 net so herpubliseer is) skryf hy 'n informatiewe artikel oor die Protevangelie van Jakobus (Geyser 1953c:6; vgl ook 1958). Geyser se wetenskapsbeoefening was resent en toon dat hy op die hoogte van die ontwikkelinge op sy vakgebied was. In 1955 gaan hy in op die publikasies wat in Nederland en Frankryk sedert die ontdekking van die gnostiese biblioteek te Nag-Hammadi in 1946 verskyn het en eers nou in die negentigerjare opspraakwekkende resultate in veral Noord-Amerikaanse studies lewer (kyk Van Aarde 1992). Hy is veral in die dokument, 'Die Evangelie van die Waarheid', geïnteresseerd (Geyser 1955c:95-98).

In 'n eweneens voortreflike wetenskaplike bydrae oor die teorie dat daar 'n moontlike 'Doperdokument' as bron agter die kindheidsvertelling in Lukas 1-3 geleë is, maak Geyser nie net van Josefus se geskrifte gebruik nie, maar ook van die Pseudo-Klementynse geskrifte (Geyser 1947/1948b) naas ander vroeg-Christelike literatuur. In hierdie bydrae toon Geyser dat hy volledig op die hoogte van die relevante vakliteratuur is. Hy beheer die histories-kritiese eksegetiese benadering op 'n hoogstaande en wetenskaplike vlak. Sy insigte in die aard van die verhouding tussen Jesus en Johannes die Doper is ook dié wat Nuwe-Testamentici vandag gevange hou in die sogenaamde moderne Historiese Jesus-navorsing (kyk Van Aarde 1991b, 1992). Volgens Geyser (1947/1948b:171-172) het Jesus self sonder uitsondering die hoogste waardering vir die persoon en werk van Johannes gehad. Nie alleen het Jesus Hom met die doop van Johannes laat doop nie, maar Hy het ook ander daartoe aangemoedig. Jesus het dit as 'n hemelse opdrag beskou. Jesus het nog lank ná die teregstelling van Johannes hierdie waardering vir sy persoon en werk behou. Tog blyk dit dat sekere aktiwiteite van Johannes die Doper deur Jesus gekritiseer is. Sy beklemtoning van die onderhouding van die vaspraktyk is een daarvan. Jesus het ook Johannes se messiaanse beskouing gekorrigeer. Sonder dat Geyser in hierdie artikel enigsins verwys na Rudolf Bultmann se beskrywing van sy verstaan van die aktiwiteite van Johannes die Doper in terme van Joodse dopergroepe (soos dit byvoorbeeld in Bultmann 1941 se epogmakende kommentaar op die Johannes-evangelie gesien kan word), is die raakpunte tussen Geyser en Bultmann in hierdie verband wel opvallend. Net soos Bultmann (1941; 1950:3) wys ook Geyser (1947/1948b:172) daarop dat die 'naywer tussen die twee dissipelkringe' van onderskeidelik Jesus en Johannes op grond van Nuwe-Testamentiese gegewens baie duidelik is.

In 'n volgende artikel wat in 1950-1951 verskyn, beroep Geyser hom wel in hierdie verband op Bultmann. Hy bespreek veral Oscar Cullmann se studie van die uitdrukking *ho erchomenos opiso mou* wat in die Pseudo-Klementynse geskrifte met betrekking tot Johannes die Doper voorkom. Geyser (1950/1951:140-141) wys daarop dat die prioriteit van Johannes waarop sy dissipels aanspraak gemaak het, nie net op 'tyds-voorrang' berus soos Cullmann meen nie, maar 'op die feit dat Jesus, net soos hulle, dissipel was van Johannes die Doper'.

## 5. SLOTOPMERKING

Dit is uit Geyser se diktaatlesings (wat tydens die verhoor ter sprake gekom het, waarvan H G van der Westhuizen s'n bykans alles bewaar en deur die skrywer van hierdie artikel onder oë geneem is) en sy publikasies duidelik dat hy 'n uitnemende akademikus was. Reeds in 1951 is hy saam met vyf ander buitelandse geleerdes op die 175^ste^ jaarvergadering van die Provinsiale Utrechtse Genootskap as lid benoem (*Die Hervormer* 1952:5). Gedurende sy tydperk as dosent aan die Universiteit van Pretoria het hy tweekeer vir periodes van ses maande by buitelandse universiteite navorsing gedoen en as gasdosent opgetree, te wete in 1951 aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in Nederland (kyk Dreyer 1951:1; *Die Hervormer* 1952:5) en in 1959 aan die Universiteit van Sorbonne in Parys (*Die Hervormer* 1959:25). Internasionale erkenning (kyk ook Hartin 1988:31-32) het meegebring dat hy saam met ander uitnemende Nuwe-Testamentici, soos W C van Unnik, K W Clark, H Clavier, J W Doeve, A F J Klijn, Ph H Menoud, Bo Reicke, K H Rengstorf, P Schubert en E Stauffer, aangestel is as lid van die redaksie van *Novum Testamentum* asook van die Leidense publikasiereeks *Supplements to Novum Testamentum*. Daar is aanduidings (hoewel dit deur verdere navorsing bevestig sal moet word) dat die aard van sy teologiebeoefening 'n voortsetting verteenwoordig van die pad wat sy voorganger, J H J A Greyvenstein, aan die Universiteit van Pretoria begin het. Benewens die vooruitgang op die gebied van die Nuwe-Testamentiese wetenskap sedert die emeritering van Greyvenstein in 1945 en wat in die werk van Geyser weerspieël word, blyk daar tog 'n belangrike verskil tussen Greyvenstein en Geyser ten opsigte van teologiese teorievorming te bestaan en dit lyk of dit te doen het met die ensiklopediese verhouding Bybelse teologie-dogmatiese teologie. Hierop word daar egter nie nou ingegaan nie.

Albert Geyser was 'n toegewyde akademikus. Sy konsistensie in eksegetiese benadering en teologiese beskrywing is opvallend. Konsekwent histories-krities het hy *agter* die Nuwe Testament die bronne in die kanon en buite die kanon ondersoek en gevra na die voorgeskiedenis van die kerk en dit van die werkgeskiedenis van die

Nuwe Testament in die na-apostoliese kerk onderskei. 'n Konstruksie van 'n Antiogeense teologie as bakermat van die vroeg-Christelike apostolaat het telkens as resultaat vorendag gekom. Met hierdie werk het hy vóór 1948 begin en ná 1961 voortgegaan. Daardie studente wat deur sy entoesiasme geboei is en sy insigte gedeel het, bevind hulle in kerklike kringe en in akademiese posisies wat meebring dat die Hervormde teologie op hierdie wyse indirek 'n invloed uitoefen.

**Literatuurverwysings**


Botha, S J 1992. Vroeëre professore aan die fakulteit: Prof dr A S Geyser. *Almanak en Bybelse Dagboek* 86, 34-35. Pretoria: NHKA. (H T van Deventer word foutiewelik as skrywer vermeld.)

Brown, R E 1977. *The birth of the Messiah: A commentary on the infancy narratives in Matthew and Luke*. New York: Doubleday.

Bultmann, R [1941] 1950. *Die Evangelium des Johannes*. 3. Aufl. Göttingen: Vandenhoeck.

De Wet, J I & Pont, A D (reds) 1964. Die vraekompleks rondom Artikel III van die Kerkwet. *HTS* 19/3 & 4, 103-137.

*Die Hervormer* 1938. Van der Hoff Teologiese Vereniging – Reunie. (Berig ingestuur deur die abactis, A S Geyser.) 23 Februarie 1938, bl 7. (Jrg 28 nr 36.)

--- 1940a. A S Geyser het gedurende Augustus sy proefpreek gelewer. 28 Augustus 1940, bl 3. (Jrg 31, nr 66.)

--- 1940b. Prop A S Geyser te Pietersburg. 27 November 1940, bl 9. (Jrg 31 nr 69.)

--- 1940c. Prop A S Geyser toegelaat tot evangeliebediening na 10 Februarie. 21 Desember 1940, bl 4. (Jrg 31 nr 70.)

--- 1941a. Prop A S Geyser vir 6 weke in Kaapstad Gemeente. (Berig ingestuur deur W van Beijma.) 21 April 1941, bl 13. (Jrg 32 nr 74.)

--- 1941b. Prop A S Geyser beroep na Heilbron-Parys. 21 Junie 1941, bl 5. (Jrg 32 nr 76.)

--- 1941c. Beroep na Heilbron aangeneem – inseëning van A S Geyser derde naweek in Augustus. 21 Julie 1941, bl 6. (Jrg 32 nr 77.)

--- 1941d. Inseëning te Parys op 23 Augustus tydens nagmaal. (Berig ingestuur deur N Prak.) 21 Augustus 1941, bl 9. (Jrg 32 nr 78.)

--- 1941e. Ordening te Heilbron 16 Augustus. (Berig ingestuur deur M J Herbst.) 22 September 1941, bl 12. (Jrg 32 nr 79.)

--- 1942a. A S Geyser is beroep na Durban. 21 Oktober 1942, bl 4. (Jrg 33 nr 8.)

*Die Hervormer* 1942b. A S Geyser bedank beroep na Durban. 21 November 1942, bl 3. (Jrg 33 nr 9.)

--- 1942c. A S Geyser bedank beroep na Durban. 21 Desember 1942, bl 4. (Jrg 33 nr 10.)

--- 1943a. Ontvang name en adresse van Hervormde gemeentelede wat in Kaapstad woonagtig is, en nog nie opgespoor is nie. (Berig ingestuur deur A S Geyser.) 22 Februarie 1943, bl 3. (Jrg 33 nr 12.)

--- 1943b. Bydraes vir Hulpbehoewende Gemeentefonds ontvang. (Berig ingestuur deur A S Geyser.) 22 Februarie 1943, bl 3. (Jrg 33 nr 12.)

--- 1943c. A S Geyser besoek Kaapstad Gemeente vir 2 weke. Nagmaalsviering. (Berig ingestuur deur R J v d Bergh.) 22 Februarie 1943, bl 4. (Jrg 33 nr 12.)

--- 1943d. A S Geyser te Klerksdorp. 21 April 1943, bl 5. (Jrg 34 nr 2.)

--- 1943e. A S Geyser te Christiana tydens nagmaal, en onthulling van grafsteen van wyle mev ds v d Hoff. (Berig ingestuur deur J Rosenblatt.) 21 Junie 1943, bl 7. (Jrg 34 nr 4.)

--- 1943f. A S Geyser beroep na Trichardtsfontein-Kombinasie. 21 Augustus 1943, bl 3. (Jrg 34 nr 6.)

--- 1943g. A S Geyser bedank beroep na Trichardtsfontein-Kombinasie. 21 September 1943, bl 3. (Jrg 34 nr 7.)

--- 1944a. Ds A S Geyser gaan die Gemeente van Kaapstad vir 'n jaar bedien. (Berig ingestuur deur N Prak.) 21 Januarie 1944, bl 4. (Jrg 34 nr 11.)

--- 1944b. A S Geyser benoem tot opvolger van prof Greyvenstein. 21 Augustus 1944, bl 3. (Jrg 35 nr 6.)

--- 1944c. A S Geyser beroep na Noord-Westelike Pretoria. 20 Oktober 1944, bl 5. (Jrg 35 nr 8.)

--- 1944d. A S Geyser neem beroep na Noord-Westelike Pretoria aan. 22 November 1944, bl 3. (Jrg 35 nr 9.)

--- 1944e. Ds A S Geyser terug in Heilbron ná 'n afwesigheid van 9 maande van werksaamhede in Kaapstad Gemeente. (Berig ingestuur deur M J Herbst.) 22 November 1944, bl 7. (Jrg 35 nr 9.)

--- 1944f. Ds A S Geyser neem afskeid van Parys Gemeente. (Berig ingestuur deur N Prak.) 22 Desember 1944, bl 6. (Jrg 35 nr 10.)

--- 1945. Doktorandus-eksamen met goeie gevolg afgelê. 20 Oktober 1945, bl 5. (Jrg 36 nr 8.)

--- 1946a. A S Geyser tree uit die bediening in Noord-Westelike Pretoria Gemeente. (Berig ingestuur deur G F Janse van Rensburg.) 20 Februarie 1946, bl 13. (Jrg 36 nr 12.)

*Die Hervormer* 1946b. Prof A S Geyser te Heidelberg. 20 Mei 1946, bl 15. (Berig ingestuur deur C P Engelbrecht.) (Jrg 37 nr 3.)

--- 1947. Prof dr A S Geyser te Potchefstroom. 20 April 1947, bl 15. (Jrg 38 nr 2.)

--- 1948. Prof A S Geyser te Lichtenburg. Februarie 1948, bl 11. (Jrg 38 nr 12.)

--- 1949. Prof A S Geyser te Johannesburg-Wes, vir hoeksteenlegging. Mei 1949, bl 18. (Jrg 40 nr 3.)

--- 1950a. Prof dr A S Geyser te Benoni. Mei 1950, bl 10. (Jrg 41 nr 10.)

--- 1950b. Prof dr A S Geyser te Witbank. Junie 1950, bl 9. (Jrg 41 nr 3.)

--- 1951. Prof dr A S Geyser te Brakpan. Augustus 1951, bl 12. (Jrg 42 nr 5.)

--- 1952. Prof dr A S Geyser en mev Geyser word terug verwelkom. September 1952, bl 5. (Jrg 43 nr 6.)

--- 1953. Die teologiese opleiding van die kerk. September 1953, bl 12 (Jrg 44 nr 6.)

--- 1954. Lydenburg Gemeente vier fees. (Berig ingestuur deur P W van Staden.) Desember 1954, bl 24. (Jrg 45 nr 9.)

--- 1959. Offisiële berigte. Augustus 1959, bl 25. (Jrg Jrg 50 nr 5.)

--- 1962. Oproep tot gebed vir prof dr A S Geyser. Junie 1962, bl 5. (Jrg 53 nr 3.)

--- 1968. Prof dr en mev A S Geyser bedank as lede van die Nederduisch Hervormde Kerk. Oktober 1968, bl 25. (Jrg 59 nr 7.)

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1962a. Notules van die verhoor van die klag teen prof A S Geyser vanaf 24 Oktober 1961 tot 8 Mei 1962. Pretoria: NHKA.

--- 1962b. Transkripsie van die bandopnames van die verhoor van die klag teen prof A S Geyser. Pretoria: Kerkargief, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. (9 bande, 2672 bl.)

--- 1962c. Herderlike Brief aan alle ampsdraers en kerkrade van die Ned Herv Kerk van Afrika. *Die Hervormer* Junie 1962, bl 5.

Dreyer, Joh 1946. Prof dr A S Geyser. *Die Hervormer* 20 April 1946, bl 5. (Jrg 37 nr 2.)

--- 1951. Prof dr A S Geyser gasdosent aan die Ryksuniversiteit van Utrecht, Nederland. *Die Hervormer* Desember 1951, bl 1. (Jrg 42 nr 9.)

--- 1952. Boekbespreking: A'Kempis, T, *Die navolging van Christus*, uit Latyn vertaal deur A S Geyser. *Die Hervormer* September 1952, bl 5. (Jrg 43 nr 6.)

--- 1961a. Klag teen prof dr A S Geyser. *Die Hervormer* November 1961, bl 5. (Jrg 52 nr 8.)

--- 1961b. Klag teen prof dr A S Geyser, II. *Die Hervormer* Desember 1961, bl 7. (Jrg 52 nr 9.)

Du Preez, A B 1959. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: Die hoop van Suid-Afrika*. Kaapstad: HAUM.

Duvenhage, S C W 1954. *Die navolging van Christus*. Potchefstroom: Pro Rege.

Engelbrecht, B 1988. Professor A S (Albert) Geyser – 10 February 1918-13 June 1985. *Journal of Theology for Southern Africa* 64/3, 4-5.

Engelbrecht, B J 1964. Enkele dogmatiese opmerkings oor die kerklike leer aangaande die Triniteit, met besondere verwysing na die status van die Pre-eksistente en Posteksistente Christus t.o.v. die Vader. *HTS* 19/3 & 4, 138-189.

--- 1986. Wat is die reg en die vryheid van die eksegeet? *HTS* 42, 485-501.

Engelbrecht, S P 1961. 'n Onaangename plig. *Die Hervormer*, Januarie 1961.

Gemser, B 1946. Personalia. *HTS* 3, 66-69.

Geyser, A S 1944. Oordenking – Die dwaas sê in sy hart daar is geen God nie (Psalm 14:1). *Die Hervormer* 21 Februarie 1944, bl 2-3. (Jrg 34 nr 12.)

--- 1945. Die vroegste heidenberig oor Christus en die Christene. *HTS* 2/1, 5-16.

--- 1947/1948a. Die dekaloog as bestanddeel van die vroeg-Christelike liturgie. *HTS* 4, 86-95.

--- 1947/1948b. 'n Doper-dokument in Lukas. *HTS* 4, 164-176.

--- 1946a. Die geslagsregister van Jesus Christus volgens Matth. 1:1-17 en Luk. 3:23-38: Opsomming van die proefskrif van A S Geyser. *HTS* 3, 61-69.

--- 1946b. Teksverbeteringe van die Afrikaanse Bybel. *HTS* 2/4, 186-190.

--- 1946c. Die beeld van God volgens die Nuwe Testament. *HTS* 3, 202-209.

--- 1948a. Die Hervormde Studente Kerk aan die Universiteit van Pretoria. *Die Hervormer* April 1948, bl 20. (Jrg 39 nr 2.)

--- 1948b. Die Kerk in die krisis. *Die Hervormer* Augustus 1948, bl 5. (Jrg 39 nr 6.)

--- 1948c. Die Kerk in die krisis, III. *Die Hervormer* November 1948, bl 5-7. (Jrg 39 nr 9.)

--- 1949/1950. Die wenslikheid van 'n hersiening van die Afrikaanse vertaling van die Bybel. *HTS* 6, 34-43, 119-135, 178-190.

--- 1950/1951. Die betrekking tussen Jesus en Johannes die Doper. *HTS* 7, 133-141.

--- 1951a. Die kerk en die film, I. *Die Hervormer* November 1951, bl 9. (Jrg 42 nr 8.)

--- 1951b. Die kerk en die film, II. *Die Hervormer* Desember 1951, bl 9. (Jrg 42 nr 9.)

--- 1951c. Antwoord aan prof P V Pistorius. *HTS* 8/1, 18-28.

--- 1952. Kerklike lewe in Suid-Afrika. *Kerk en Theologie* 3, 98-108.

--- 1953a. 'n Ekumeniese instituut in Utrecht. *Die Hervormer* Januarie 1953, bl 5. (Jrg 43 nr 10.)

Geyser, A S 1953b. Praktiese Teologie in die praktyk in die Nederlandsche Kerk. *Die Hervormer* September 1953, bl 12. (Jrg 44 nr 6.)

--- 1953c. Maria se jeug. ('n Gedeelte uit die vroegste kersvertelling). *Die Hervormer* Desember 1953, bl 6. (Jrg 44 nr 9.) [Herpubliseer in *Die Hervormer* Desember 1958, bl 17.]

--- 1953d. Lukas se segsman vir die geskiedenis van die Emmausgangers. *HTS* 9/2, 47-61.

--- 1953e. Die 'eerste Algemene Kerkvergadering'. *HTS* 9/3 & 4, 82-93.

--- 1953f. Wyle prof H G Viljoen. *HTS* 9/2, 33-34.

--- 1954a. Mnr J H Neethling: Bekende kerkargitek oorlede. *Die Hervormer* September 1954, bl 24. (Jrg 45 nr 6.)

--- 1954b. Voorwaardes vir die prediking. *HTS* 11/1, 1-7.

--- 1954c. Geloof en lewe. *Almanak*. Pretoria: NHKA.

--- 1955a. Boekbespreking: Bijlsma, R, Polman, A D R & Sevenster, J N 1952, *Het tijdsprobleem in het Nieuwe Testament*. *Die Hervormer* Januarie 1955, bl 21. (Jrg 45 nr 10.)

--- 1955b. Paulus oor die vrou in die kerklike diens. *Die Hervormer* Augustus 1955, bl 14-15. (Jrg 46 nr 5.)

--- 1955c. Die huidige stand van die ondersoek ten opsigte van die Evangelium Veritatis. *HTS* 11/2, 92-98.

--- 1956. Proefskrifbespreking: S C W Duvenhage, 'Die navolging van Christus'. *Die Hervormer* Julie 1956, bl 15. (Jrg 47 nr 4.)

--- 1958. Maria se jeug. *Die Hervormer* Desember 1958, bl 17, 18, 22. (Jrg 49 nr 9.)

--- 1959. Die name van Petrus en 1 Petrus. *HTS* 15/2-4, 92-100.

--- 1960/1961a. Christelike godsdiens en eiesoortige volksdiens: 'n Beoordeling van die boek van prof dr A B du Preez, *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens*. HAUM, Pretoria, 1959. *HTS* 16, 1-30.

--- 1960/1961b. Logos en ideologia: Woord en skynwoord. *HTS* 16, 300-307.

--- 1961. Die Skrif beveel 'n sigbare eenheid van die kerk. *Die Hervormer* Maart 1961, bl 5, 9, 16. (Jrg 51 nr 12.)

--- 1961/1962a. Human dignity and conscience. *Ministry* 2/4, 14.

--- 1961/1962b. Barnabas: Van Leviet tot apostel. *HTS* 17/2-4, 122-133.

--- 1971. The earliest name of the earliest church, in Eybers, I H et al (eds), *De fructu oris sui: Essays in honour of Adrianus van Selms*, 58-68. Leiden: Brill. (Pretoria Oriental Series.)

--- 1975. The letter of James and the social condition of his addressees. *Neotestamentica* 9, 25-33.

Geyser, A S 1978. Jesus, the twelve and the twelve tribes in Matthew. *Neotestamentica* 12, 1-19.

--- 1986. Israel in the fourth gospel. *Neotestamentica* 20, 13-20.

Greyvenstein, J H J A 1928. 'Loof den Heere, mijne ziel' (Ps 103). *De Hervormer* 8 Augustus 1928, bl 1. (Jrg 20, nr 3.)

Hartin, P J 1988. Apartheid and the Scriptures: The contribution of Albert Geyser in this polemic. *Journal of Theology for Southern Africa* 64/3, 20-33.

Heyneke, F 1963. Korrespondensie: Dr A S Geyser preek in Nederlandssprekende Gemeente. *Die Hervormer* Desember 1963, bl 24. (Jrg 54 nr 9.)

Hunter, A M 1951. *Interpreting the New Testament 1900-1950*. London: SCM.

Naudé, J P 1960. Korrespondensie: Prof A S Geyser propageer veelrassige gehore in ons eredienste. *Die Hervormer* Augustus 1960, bl 18. (Jrg 51 nr 5.)

Pistorius, P V 1950. Enkele opmerkings oor prof A S Geyser se artikel oor die vertaling van die Evangelie volgens Markus. *Die Studiekring* 1/1, 21vv.

--- 1951. Prof Geyser lewer repliek. *Die Studiekring* 2/1, 9-17.

Pont, A D 1985. Die funksie van die belydenis en die dogma in die struktuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die implikasie daarvan vir die predikant. *HTS* 41, 519-546.

--- 1990. Ongepubliseerde herinneringe. KITAL-biblioteek, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Steenkamp, J J [1971]. 'n Beoordeling van die toespraak van W A Visser 't Hooft by die Mindolo-beraad te Kitwe, Zambië, Mei-Junie 1964. *HTS* 31/1 & 2, 55-89.

Van Aarde, A G 1985. Prof Albert Geyser oorlede. *Die Nuusbrief bylae tot Die Hervormer* Julie 1985.

--- 1990. ἡ Εκκλησία - ἁγία καὶ ἄμωμος (Ef 5:27): Die 'heiligheid' van die kerk teen die agtergrond van die breuk kerk-sinagoge. *In die Skriflig* 24, 251-264.

--- 1991a. 'The most high God does live in houses, but not houses built by men...': The relativity of the metaphor 'temple' in Luke-Acts. *Neotestamentica* 25, 51-64.

--- 1991b. Renaissance in Jesus-studies. Ongepubliseerde voordrag, NTWSA subgroepbyeenkoms 'Historiese Jesus-navorsing', Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, April 1991.

--- 1991c. Inleiding tot die eksegese en teologie van die Johannes-evangelie as vertelling. Ongepubliseerde studiegids, Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A), Universiteit van Pretoria.

Van Aarde, A G 1992. Verslag Jesus-Seminar, Westar Institute, Spring Meeting 1992, Santa Rosa, CA en NTWSA Historiese Jesus-navorsing. Ongepubliseerde voordrag, NTWSA subgroepbyeenkoms 'Historiese Jesus-navorsing', Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, April 1992.

Van Wyk, D J C [1992]. Prof A D Pont: 'n Waardering van sy lewe en werk. *HTS* 48/3 & 4.